



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.  
12 September 2021

## Vanoggend se erediens

**Tema:** Geestelike oorlogvoering

**Skriflesing:** Efes 6:10-18

Die magte van die Bose dreig om ons te vernietig. Is daar 'n kans dat ons hom kan wen? En hoe voer ons hierdie oorlog?

Paulus gee vir ons lewensnoodsaaklike hulp en raad hiermee.

## Só glo ons

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 46:** Wat verstaan jy onder: "opgevaar na die hemel"?

**Antwoord:** Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem, en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy weer kom om oor die lewendes en die dooies te oordeel.

Ek glo ...

## Ons Program

**Vandag:**

✍ **Informele Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

✍ **Sondagskool**

✍ **Deuroffer:** Wêreldsending

**Sondag 19 September:**

✍ **Formele erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

✍ **Sondagskool**

✍ **Deuroffer:** Plaaslike behoeftige leerders

**Bybellees-program**

Ons lees tans die boek **Sagaria**. Op die WhatsApp-groep "Petrusburg" kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry. Om by die groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).

**Nuus van die Vrouebediening-bestuur: September 2021**

Die bestuur van die Vrouebediening het 31 Augustus vergader. Alhoewel die Vrystaat kniediep in die derde vlaag van die koronavirus is, en mense veral in ons gemeenskap op die oomblik kwaai deurloop, is ons tóg dankbaar dat ons steeds vir

mekaar kan omgee, al moes ons ons manier van omgee nuut bedink die afgelope jaar en 'n half.

Hiervan getuig onder andere die pragtige bedrag van R8800 wat reeds van 1 Maart tot 1 Augustus ingekom het vir ons Dankbaarheidsbotteltjies. Die volgende insameling is DV 7 November. Laat weet asb vir Elmien of Sonia as jy kan dink aan 'n verdienstelike projek. Ons besluit aan die einde van die jaar, ná die laaste insameling, hieroor. Dit is hartsverblydend om te beleef dat ons, te midde van moeilike tye, soveel beleef waarvoor ons die Here innig dankbaar is en Hom wil loof.

So het wyke 2, 5 en Modderrivier olv mev. Lulu Hugo 'n heerlike waarderingemaal aan die einde van Augustus keurig voorberei, verpak en afgelewer by die huise van tien geestelike leiers in die gemeenskap. Voorwaar uit die boks gedink.

Ons mag nog nie ons jaarlikse bederfdag by Ons Woning aanbied (nou al vir die tweede jaar) nie, maar die bestuur gaan, met die samewerking van gemeentedele wat reeds genader is, bederfpakkies aflewer op die dag wanneer die funksie sou gewees het, DV 15 September. Daar word heelwat bederfies beplan vir die oggend, ons sal later verslag doen – mag nie nou te veel verklap nie.

Dan het die Bestuur besluit om in geloof versigtig optimisties te begin beplan aan ons afsluitingsfunksie DV 17 November.

**Opdatering NB:** NUWE Datum: 10 November 2021 by Karibu.

Dit gaan 'n heerlike verrassing wees, met Covid.-protokol en al. Maak asb 'n aantekening van die datum. "Save the date!" 10 NOVEMBER

Gasspreker: Mev. Marelize Bekker. Kaartjies: R25 vir baie bederf.

Mev. Elmien Thom gaan vir die maand Oktober 'n betjie "menslikheidverlof" neem om vir ds Jaco te ondersteun met sy operasie van 28 September en die herstelperiode daarna. Die bestuur olv Machteld Kotzè (ondervoorsitter) en Sonia Jacobs (sektretaresse) is gewillig en baie bekwaam om voor te vat. Baie dankie!

## Lief & Leed

**Verjaarsdae**

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

**September**

13 Louise Grobbelaar

14 Shelene Oertel

15 Zané Marais

16 Phillip du Plessis

16 Heinie Grobbelaar (snr)

17 Marié Crous

18 Jenny Meyer

**Voorbidding**

✍ Sakkie Hartzter – herstel ná hartprosedure



- ✍ Ina Prinsloo – herstel ná been-operasie
- ✍ Jan van Loggerenberg – herstel ná aorta-prosedure
- ✍ Mense wat direk deur Covid-19 geraak word, hetsy self siek, of in kwarantyn vanweë kontak, of wat 'n dierbare afgestaan het aan die dood.

## Dankbaarheid

Liewe medegelowiges van Petrusburg NGK,

Dankbaarheid leer 'n mens om anders te kyk. Nee, jy is nie skielik 'n aartsoptimis nie, en die glas is steeds half-vol/half-leeg. Maar dis nie meer die volume wat jou aandag trek nie, maar die kwaliteit van dit wat in die glas is.

Kom ek lig dit toe met 'n voorbeeld: laat my toe om verlede week se vertelling as illustrasie te bied: Olga het wel 'n groot kans om te faal, sy het immers in die verlede male sonder tal verval in haar ou leefwyse en ou lewenspatrone is moeilik om te verander. So wat is die verskil? Hierdie keer sien ek nie 'n mens wat 'n groot kans staan om terug te val nie, maar iemand wat haar wil verander het, wat herstel anders sien as tevore, en dit gee my hoop en groot dankbaarheid vir haar wat 'n ander insig bereik het. Ek kyk ook nou anders na haar: ek sien nie 'n dwelm-verslaafde met 'n groot kans om te misluk nie, maar ek sien die mens en haar begeerte om te verander deur die hulp van ons Vader. Dit is nie belangrik of sy vir die res van haar lewe skoon gaan wees nie, maar dat sy die pad gevind het na bemagtiging deur die genade van ons Hemelse Vader. Dit maak my dankbaar vir haar en dankbaar dat Hy insgelyk my manier van kyk verander het.

Kom ons vra hierdie week dat ons Vader ons visie sal instel op dankbaarheid en dat ons die kwaliteite eerder as die volumes sal raaksien!

Ek herhaal graag my uitnodiging aan almal om oor Sy goedheid en sorg te praat en deur hierdie kanaal met mekaar te deel. Stuur jou bydrae anoniem, of onder jou naam na my (daleen.krige@gmail.com) en ons deel dit in die afkondigings op Sondae. Saam kan ons 'n danklied sonder weerga aanhef tot verheerliking van ons Heer!

Kom ons juig in dankbaarheid voor Hom!

Groete, Daleen Krige.

---

Leraar:	<b>Jaco Thom</b>	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
Kantoor:	<b>Madette Lombaard</b>	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
Orrelis:	<b>Elmien Thom</b>	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
Koster:	<b>Annamarie Dercksen</b>	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
Webwerf	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		

## Padkaart vir die week : 6 Junie 2021

Skriflesing: Efes 6:10-18 – Geestelike oorlogvoering

Paulus skryf in vers 12 dat dit nie maklik is om 'n Christen te wees nie. Hoekom nie?

Wat is die wapens wat God ons gee?



Hoekom gee God ons nie die wapens van pyl-en-boog en spies nie?

Hoe sal jy gebed beskryf in hierdie konteks?